basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Afrikaans Tweede Addisionele Taal

## Graad 11

## Lesse vir leerders

## Tweede Kwartaal

## 2013

# Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie lesse verleen.

## Marlene Venter, Albert du Plooy, Dawid Last
## Gauteng Departement van Onderwys

**Departement van Basiese Onderwys**

Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357 3000
Faks: +27 12 323 0601

Pleinstraat 120 Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465 1701
Faks: +27 21 461 8110
Webtuiste: http://www.education.gov.za

**© 2013 Departement van Basiese Onderwys**

***

## Inhoudsopgawe

| | Bladsy |
|---|---|
| **Hoofstuk 6: Sport, Sporter, Sportste!!!** | **3** |
| **Hoofstuk 7: Finansies** | **11** |
| **Hoofstuk 8: Rolmodelle** | **20** |
| **Hoofstuk 9: Toerisme** | **32** |

# HOOFSTUK 6: SPORT, **SPORTER, SPORTSTE!!!**
**Week 11 en 12**

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | • instruksies of aanwysings gee. |
| Lees en kyk | • voorbeeld tekste van instruksies of aanwysings lees. |
| Skryf en aanbied | • instruksies of aanwysings skryf as kort transaksionele tekste. |
| Taalstrukture en -konvensies | • ŉ woordeboek gebruik.<br>• spelreëls en -patrone leer.<br>• bevelsinne skryf.<br>• verbindingswoorde in sinne gebruik.<br>• voorsetsels hersien. |

## Luister en praat

**Praat**: Klasgesprek


Kyk na die titel van die hoofstuk. Is die titel korrek? Hoekom dink jy is die titel so gebruik?
Kyk na die volgende illustrasies en identifiseer die sportsoort.















(Uit: Google *Images*)

- Kon jy al die sportsoorte herken?
- Watter toerusting het mens nodig om aan hierdie sportsoorte deel te neem?
- Ken jy sportsterre wat aan hierdie sportsoorte deelneem?
- Neem jy aan een van die sportsoorte deel?
- Verduidelik vir jou maat hoe om aan die sportsoort van jou keuse deel te neem. Onthou om al die dinge/toerusting wat jy nodig het te benoem.
- Aan watter sportsoort sou jy wou deelneem?

**Praat: Gesels informeel**
Verduidelik vir jou maat hoe om ŉ roete te volg.
Julle het reeds in Graad 10 hiermee kennis gemaak. Hersien gou die volgende leidrade.

**Kies die korrekte werkwoord**

**Gebruik dié bakens om die roete te verduidelik**

***Gebruik die korrekte voorsetsels***

**Gebruik woorde wat rigting aandui**

**Gebruik straat-name**

**Gebruik pad-tekens**

cross the bridge – loop/ry/gaan ***oor*** die brug

go around the circle – loop/ry/gaan ***om*** die sirkel

go as far as the station - loop/ry/gaan tot ***by*** die stasie

go down the stairs – loop/ry/gaan ***by*** die trappe ***af***

go down the street – loop/ry ***in*** die straat ***af***

go from …… to …… - loop/ry/gaan ***vanaf*** ….. ***na*** ……

go round the corner – loop/ry/ gaan ***om*** die hoek

leave from the station – vertrek ***van*** die stasie ***af***

next to the post office is – ***langs*** die poskantoor is…

on the left side is - ***aan*** die linkerkant is…

on the right side is… - ***aan*** die regterkant is…

turn left into Club St – draai links ***in*** Clubstraat ***in***

turn right at the T-junction – draai regs by die T-aansluiting

keep straight - hou reguit ***aan***…

pass the stop street – loop/ry/gaan ***oor*** die stopstraat

**Oefening 1:** Beskryf ’n roete

Jy is die kaptein van julle sokkerspan en jy nooi die kaptein van een van die buurskole om ’n wedstryd teen jou skool te kom speel. Verduidelik puntsgewys presies hoe om by jou skool uit te kom.


- Gebruik vier bekende bakens (kerke, skole, garages/motorhawens, winkelsentrums, ens.), drie bekende straatname en drie padtekens (stopstraat, sirkel, T-aansluiting, ens.)

Al is dit ’n informele gespreksituasie moet jy jou voorbereiding skriftelik doen. Dit help om jou gedagtes te orden en jou taalgebruik te verbeter.

## Lees en kyk

Voor jy lees

- Kyk na die illustrasies en voorspel die sportsoort wat in die leesteks aangedui gaan word.
- Kyk na die tekskenmerke van die tekssoort op bladsy 4.
- Kyk na die woordeskat wat in die leesteks voorkom.

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| kolwer (batsman) | kolfblad (pitch) | maak lopies (runs) | bouler (bowler) |
|  |  |  |  |
| paaltjies, kolf, bal (stumps, bat, ball) | skeidsregter (umpire) | verloor ’n paaltjie (loose a wicket) | krieketspan (team) |
|   |  |  |  |
| ses!!! | Howzat?? (Is he out?) | loot (flip a coin) | paaltjiewagter (wicket keeper) |

(Uit: Google *Images*)

Lees 'n prosedureteks.

**Reël sommer gou-gou 'n krieketwedstryd**

- *Maak seker jy het 'n groot oop stuk grond*. 'n Krieketveld is gewoonlik tussen 130 m en 150 m in deursnee. Die grens moet met 'n tou of duidelike wit lyn gemerk word.
- *Kry van jou vriende bymekaar*. 'n Krieketspan bestaan uit 11 lede. Daar is ook twee skeidsregters nodig om toe te sien dat die wedstryd regverdig verloop. Daar is kolwers en boulers in die span.
- *Merk die kolfblad uit*. Die kolfblad is 3 m lank met die paaltjies aan weerskante. Die stuk van die veld moet gelyk en hard wees sodat die krieketbal daarop kan bons.
- *Plant die paaltjies aan altwee kante van die kolfblad*. Dit is drie regop houtpenne met twee dwarspaaltjies bo-op. Hierdie paaltjies moet deur die kolwer beskerm word.
- *Gooi 'n muntstuk in die lug*. Die kapteins van die twee spanne loot deur 'n muntstuk in die lug te gooi. Die kaptein wat die loot wen, kan besluit of sy span eerste gaan kolf of eerste gaan boul.
- *Stuur die veldwerkers van die span wat gaan boul in die veld om veldwerk te doen en die bal te keer*. Die veldwerkers keer die bal en gooi dit terug na die paaltjiewagter of bouler vir die volgende boulaflewering. As die veldwerker die bal uit die lug vang sonder dat dit op die grond raak, is die kolwer uitgevang en 'n volgende kolwer moet gaan kolf.
- *Stuur die eerste twee kolwers na die kolfblad om te gaan kolf.* Die kolwers neem plek in voor elke stel paaltjies. Die nie-kolwer word die kolwer se vennoot.
- *Wys 'n bouler aan.* Die bouler gooi die bal oor sy skouer na die paaltjies. As hy die paaltjies tref, is die kolwer uit. Die spoed waarmee die bouler boul, kan baie wissel. 'n Snelbouler kan tot 135 km/h boul. Elke bouler kry 'n beurt om te boul.
- *Slaan die bal so ver as moontlik.* Beide kolwers hardloop na die paaltjies voor hom. Die kolwers teken lopies aan as hulle tussen die paaltjies hardloop. Soms kan hulle een keer of twee keer hardloop vir een of twee lopies. Maar as die bal tot by die tou of streep om die krieketveld trek, kry die kolwer vier lopies. As die bal eers na die grens(tou of wit streep) die grond raak, kry die kolwer ses lopies.
- *Teken soveel as moontlik lopies aan*. Al die kolwers van die een span kry kans om te kolf en lopies aan te teken. Die getal lopies word dan die teiken wat die ander span moet haal om te wen. Die span verloor as sy kolwers nie die teiken haal nie.

**Oefening 2**: Beantwoord die vrae.

**Post-lees**

1. Voltooi die sinne deur die woorde uit die lys hieronder te gebruik.

| |
|---|
| na, lopies, twee kante, tou, vennootskap, muntstuk, skeidsregter, uitgevang, keer, boulbeurt |

Gebruik 'n (1.1) om die grens van die krieketveld te merk. Die (1.2) kyk dat die wedstryd regverdig verloop. Die kolfblad het paaltjies aan (1.3). Die kolwer moet (1.4) dat die bal die paaltjies tref. "Flip a coin" beteken om 'n (1.5) in die lug te gooi. 'n Kolwer word (1.6) as die veldwerker die bal uit die lug vang. Die twee kolwers voor die paaltjies vorm 'n (1.7). Elke bouler kry 'n (1.8). Kolwers teken (1.9.) aan as hulle tussen die paaltjies hardloop. 'n Kolwer kry ses lopies as die bal eers (1.10) die grens die grond raak.

2. Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is en motiveer jou antwoord.
2.1 Die kaptein wat die loot wen, se span moet eerste kolf.
2.2 Daar is 11 kolwers in 'n krieketspan.
2.3 'n Krieketsnelbouler kan vinniger boul as die toegelate spoed in dorpstrate.
2.4 'n Kolwer kan met net een kolfhou 6 lopies aanteken.
3. Op watter TWEE maniere kan 'n kolwer sy paaltjies verloor?
4. Sou jy sê dat krieketspelers net so fiks soos spelers van ander sportsoorte moet wees?
5. Skryf die skuinsgedrukte sinne in die leesteks oor.

Begin elke sin so:

Jy moet…

- Onthou, **moet** is 'n hulpww.
- Onthou, die deeltjiewwe.

## Skryf en aanbied

Skryf 'n <u>kort transaksionele teks van 50 tot 80 woorde</u>. (tien sinne)
Volg die skryfproses: alle skryfstukke moet behoorlik beplan word, skryf 'n konsep sodat jy kans kan kry om jou skryfstuk te proeflees, foute raak te sien en te verbeter.

Prosedures soos instruksies, aanwysings en reëls word in 'n reeks opeenvolgende stappe geskryf. Spesifieke kenmerke moet duidelik wees:

- 'n bevelsin, bv. Maak die deur toe! Jy moet die deur toemaak.
- Verbindingswoorde wat tyd en oorsaak aandui, Eerstens moet jy… Voordat jy by die brug kom…
- Die sinne moet stap-vir-stap chronologies geskryf word.
- Gebruik persoonlike voornaamwoorde (jy, jou, ens.) in plaas van eiename.

**Oefening 3**:

3.1 Jy moet jou Afrikaanse bure se seun help om 'n sokkerwedstryd te reël. Skryf 10 instruksies vir hom neer. **OF**

3.2 Gebruik die voorbeeld op p.4 en skryf rigtingaanwysings (roete) om van 'n buurdorp tot by jou huis te kom.

## Taal in konteks (Taalstrukture en -konvensies)

**Oefening 4:** Woordeboekgebruik
Verwys na die uittreksel uit die Verklarende Woordeboek van die Afrikaanse Taal om die volgende vrae te beantwoord.

| |
|---|
| Kom-men-ta 'tor, (-e, -s). 1. Skrywer van kommentaar. 2. Iemand wat opmerkings maak of kritiek lewer op 'n bepaalde saak, gebeurtenis: *radiokommentator,* |

4.1 Uit hoeveel lettergrepe bestaan die woord, **kommentator**?
4.2 Watter lettergreep word beklemtoon as jy die woord uitspreek?
4.3 Skryf die meervoud van die woord neer.
4.4 Vorm 'n samestelling: (krieket + kommentator)
4.5 Kies die woord wat korrek gespel is: kommentatorkie/kommentatortjie

**Spelreëls en spelpatrone**

**Lettergreepverdeling**
Woorde kan afgebreek/verdeel word op die volgende maniere:
- by pre- en postmorfeme, bv. be-man (beman), aan-pas-baar (aanpasbaar)
- by samevoeging van stamme, bv. reën-jaar,skool-kind, skool-saal
- waar een konsonant tussen vokale staan, kom die skeiding voor die konsonant, bv. l**epe**l - le-pel, m**ane** –ma-ne, j**are** – ja-re, sko**ene** – skoe-ne
- waar twee konsonante tussen vokale staan, kom die skeiding tussen die twee konsonante, bv. **eksa**men – ek-sa-men, pla**asja**pie – plaas-ja-pie, k**olwe**rs – kol-wers
- waar dubbele konsonante tussen vokale staan, kom die skeiding tussen die konsonante, bv. s**okke**r – sok-ker, fr**okki**e - frok-kie, t**okke**l – tok-kel
- waar drie konsonante tussen vokale staan, kom die skeiding tussen die eerste en tweede konsonant, bv. **aktri**se – ak-tri-se, ve**nst**ers – ven-sters, m**arsje**er – mar-sjeer
- waar **n** en **g** tussen vokale staan, kom die skeiding tussen die **n** en **g**, bv. b**ange**rig – ban-ge-rig, m**enge**r - men-ger, **Enge**ls – En-gels, kon**ingi**n – ko-nin-gin

**Oefening 5:** Verdeel die onderstreepte woorde in lettergrepe
5.1 Daar is genoeg goeie <u>veldwerkers</u> in die span.
5.2 Die <u>kaptein</u> is 'n goeie leier.
5.3 Die <u>kolwers</u> <u>sukkel</u> om die <u>teiken</u> te haal.
5.4 Hulle het met tien <u>paaltjies</u> gewen.
5.5 Die <u>krieketveld</u> is 130 m in <u>deursnee</u>.

**Telwoorde**
- Hooftelwoorde met –en kan los of met koppeltekens geskryf word, bv. een en twintig of een-en-twintig
- 'n telwoord in 'n verbinding met tien, word altyd vasgeskryf, bv. vyftien, sewentien
- 'n telwoord in verbindings met honderd, duisend, miljoen kan los of vas geskryf word, bv. vyf honderd of vyfhonderd, vyf duisend of vyfduisend
- Rangtelwoorde met –en kan los of met koppeltekens geskryf word, bv. een en twintigste of een-en-twintigste

**Oefening 6:** Skryf die syfers uit.

6.1 Daar is 22 spelers op die veld.
6.2 Die kolwer het sy 300ste lopie gekry.
6.3 Die bouler het sy 30ste paaltjie in die toetsreeks geneem.
6.4 Die veldwerker het al 13 kolwers uitgevang in sy krieketloopbaan.

**Afkortings**

- Die dae van die week word met die eerste twee letters afgekort, bv. Sondag - So.
- Die maande van die jaar word met die eerste drie letters afgekort, bv. Januarie – Jan.
  (behalwe Maart – Mrt. nie Maa. nie, Febr. en Sept.)

**Oefening 7:** Skryf die afkortings uit.

7.1 Die krieketwedstryd begin Wo.
7.2 Elke Do. oefen die kolwers in die nette.
7.3 Des. 2013 toer Australië se krieketspan in Suid-Afrika.
7.4 Daar is geen krieket in Jun. en Jul. in Suid-Afrika nie.

**Bevelsinne**

**Oefening 8:** Verander die sinne in bevelsinne.

Bv. Die kolwer hardloop vinnig.
Die kolwer moet vinnig hardloop. Hardloop vinnig!

8.1 Die veldwerker vang die bal.
8.2 Die kolwer slaan ŉ ses.
8.3 Die toeskouers sing die volkslied.
8.4 Die skeidsregter wys die kolwer uit.

**Voegwoorde en verbindingswoorde**

- Voegwoorde wat oorsaak (*cause*) aandui is:
  Groep 2: gevolglik (*as a result*), dus (*therefore)*, daarom (*therefore*),
  Groep 3: omdat (*because*), aangesien (*seeing that*)
- Voegwoorde wat tyd (time) aandui:
  Groep 2: daarna *(thereafter, then*),
  Groep 3: voordat (*before*), nadat (*after*)
- Verbindingswoorde wat tyd aandui:
  Eerstens (*firstly*), tweedens (*secondly*), laastens (*lastly*), volgende (*next*)
  (wys stappe chronologies aan)

Onthou, kyk na die posisie van die werkwoord

**Oefening 9:** Voegwoorde

Kies die korrekte voegwoord uit die bostaande lys en voltooi die sinne.

9.1 Die veldwerker keer die bal, (…) kan die kolwers nie hardloop nie.
9.2 Die bouler het die paaltjies raakgegooi, (…) is die kolwer uitgegee.
9.3 Die span het verloor, (…) hulle nie genoeg lopies gemaak het nie.
9.4 Die kaptein is baie gelukkig, (…) sy span die wedstryd gewen het.

**Oefening 10:** Verbindingswoorde

Kies die korrekte verbindingswoorde uit die lys en voltooi die sinne.

| |
|---|
| dan, eerstens, volgende, daarna, voordat, nadat, laastens |

10.1 As jy krieket wil speel, moet jy (*firstly*) seker maak dat jy 'n groot oop stuk grond het.
10.2 (*Then*) moet jy genoeg spelers bymekaar kry.
10.3 (*Thereafter*) moet jy die kolfblad uitmeet.
10.4 (*Next*) moet jy die paaltjies plant.
10.5 (*Then*) moet jy 'n muntstuk skiet.
10.6 (*After*) die loot getrek is, moet die veldwerkers in die veld gaan plek inneem.
10.7 (*Before*) die bouler begin boul, moet die kolwers gereed wees .
10.8 (*Lastly*) moet die kolwers die bal so ver as moontlik slaan om lopies aan te teken om te wen.

**Voorsetsels**

**Oefening 11:** Voorsetsels

Kies voorsetsels uit die lys en voltooi die sinne.

| |
|---|
| met, in, oor, teen, op, na, voor, deur, van, uit, bo |

11.1 Die veldwerkers hardloop … die veld.
11.2 Die toeskouers sit … die pawiljoen.
11.3 Die skeidsregter kyk … die spelers.
11.4 Die kolwer slaan die bal … die lug.
11.5 Die bal trek … die spelers se koppe.
11.6 Die bouler boul … 'n baie vinnige spoed.
11.7 Die kolwers staan … die paaltjies.
11.8 Die kaptein … die span wil die loot wen.
11.9 Die bouler gooi die bal … sy skouer.
11.10 Die kolwer slaan die bal … die kolf.

# HOOFSTUK 7: FINANSIES

## WEEK 13 & 14

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | • oor geld praat.<br>• aan ’n groepbespreking deelneem.<br>• ’n toespraak voorberei. |
| Lees en kyk | • oor die geskiedenis van geld leer.<br>• meer oor banke te wete kom.<br>• jou woordeskat uitbrei.<br>• taalstrukture in ’n leesteks identifiseer. |
| Skryf en aanbied | • woorde leer wat geskik is vir ’n bedanking.<br>• leer hoe om ’n bedankingstoespraak te skryf.<br>• op prosesskryf fokus. |
| Taalstrukture en -konvensies | • die vier soorte sinne in Afrikaans hersien.<br>• sinne in die ontkenningsvorm skryf.<br>• antonieme gebruik.<br>• die korrekte vorm van telwoorde gebruik.<br>• trappe van vergelyking gebruik.<br>• sinne in verskillende tye skryf.<br>• woorde se spelling verbeter.<br>• afkortings leer.<br>• sinne in die korrekte woordorde skryf. |

## Luister en praat

### Praat: Klasbespreking

Die onderstaande simbole verteenwoordig die geldstelsels van verskillende lande. In watter lande sal jy met hierdie geldstelsels kan koop?



**Oefening 1:** In die onderstaande tabel is daar tien lande. Elke land het sy eie geldeenheid. Rangskik die geldeenheid in **KOLOM B**, sodat die antwoord by die land in **KOLOM A** pas, bv. **1 G**. Julle kan die oefening in groepe of individueel doen.

| **KOLOM A** | | | **KOLOM B** |
|---|---|---|---|
| **LAND** | | | **GELDEENHEID** |
| 1. | Switserland | **A** | Pula |
| 2. | Sjina / China | **B** | Peso |
| 3. | Kroasië | **C** | Maloti |
| 4. | Israel | **D** | Roepee |
| 5. | Rusland | **E** | Kroon |
| 6. | Hongarye | **F** | Kuna |
| 7. | Botswana | **G** | Switserse Frank |
| 8. | Argentinië | **H** | Sikkel |
| 9. | Denemarke | **I** | Yuan |
| 10. | Lesotho | **J** | Forint |
| 11. | Mauritius | **K** | Roebel |

**Beantwoord die volgende vrae in die klas**:

1. Waarom kan jy nie in Switserland met Suid-Afrikaanse geld inkopies doen nie?
2. Hoeveel papiernote is daar in Suid-Afrika?

3. Watter diere verskyn op die verskillende papiernote?
4. Hoeveel Suid-Afrikaanse muntstukke is van nikkel gemaak?
5. Watter dier verskyn op elkeen van die nikkelstukke?





**Oefening 2: Formele assesseringstaak: <u>Assesseringstaak 5</u>: Voorbereide toespraak (Lengte: 1 – 2 minute)**

Kies **EEN** van die onderwerpe en berei 'n toespraak voor.

2.1 Geen mens kan sonder geld 'n bestaan maak nie.

2.2 Geld kan nie geluk koop nie.

**Voor jy praat**

**Dit is 'n voorbereide toespraak, daarom moet jy …**

- jou toespraak beplan.
- die regte woorde kies wat by jou toespraak pas.
- jou toespraak op gidskaartjies skryf.
- jou toespraak eers hardop vir jouself voorlees om seker te maak dat jy die woorde korrek uitspreek.
- jou toespraak eers voor jou ouers en vriend / vriendin oefen om selfvertroue te kry. Hulle kan jou help om woorde korrek uit te spreek, en / of die korrekte woordeskat te gebruik.

**Terwyl jy praat**

- Wees ontspanne.
- Bly kalm.
- Kyk jou luisteraars in die oë.
- Moenie soos 'n standbeeld staan nie.

## Lees en kyk

**Pre-lees** Hoe goed verstaan jy 'n teks wat jy lees?

Bespreek die volgende vrae in groepe:

- Waarom het miljoene mense geldelike probleme?
- Moet 'n mens geld hê? Waarom?
- Kan 'n mens met min geld klaarkom?
- Waarom word daar so baie bedrog met geld gepleeg?
- Wat is 'n OTM?
- Wat is die funksie van 'n OTM?


**Maak seker dat jy die betekenis van die volgende woorde in die blok verstaan:**

- **Sterling**: Engelse munt.
- **Inheems**: Dit wat in 'n land tuishoort of van nature daarin voorkom.
- 'n **Oulap** is 'n pennie en verwys na 'n item wat spotgoedkoop is.
- **Desimaliseer** beteken om in tiendes te verdeel.
- **Valuta** is 'n buitelandse betaalmiddel, bv. goud, olie …
- 'n **Kluis** is 'n brandvrye vertrek, bv. ingebou in 'n bank.

**Terwyl jy lees, hou die volgende ingedagte**

- Uit watter bron kom hierdie inligting?
- Is **Geld vir almal** 'n interessante leesstuk? Waarom / Waarom nie?

## *Geld vir almal*



1. Die **tiekie** was 'n klein muntstukkie wat drie pennies in die Britse sterling werd was.

2. Die term **tiekie** is net in Suid-Afrika gebruik. Party mense sê die naam kom van 'n Maleise woord "**tiga**" wat **drie** beteken. Ander meen dat inheemse Suid-Afrikaanse volke die geldstukkie "i-tiki-peni" genoem het en dat "tiekie" 'n verkorte vorm daarvan was. Vandag noem mense openbare telefone nog steeds "tiekiebokse", al kos 'n oproep baie meer as 'n tiekie!

3. Die pennie was so min werd dat mense aan die Kaap dit 'n **oulap** genoem het. Papiernote is in 1781 vir die eerste keer aan die Kaap as geldeenheid in gebruik geneem.

   **Desimalisasie**

4. Op 14 Februarie 1961 is die **pond** deur die Suid-Afrikaanse Rand vervang, wat in 100 sent verdeel is. Voor 14 Februarie 1961 het die Suid-Afrikaanse geldeenheid as **ponde**, **sjielings** en **pennies** bekendgestaan.

   **Die Suid-Afrikaanse Reserwebank**

5. Suid-Afrika het in 1873 sy eerste bank gekry toe die Lombard-bank* deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie ingestel is. Minder as 50 jaar later het byna elke dorp en stad in die Kaap en Natal sy eie bank gehad. Teen 1920 was daar drie groepe — die Nasionale Bank van Suid-Afrika, die Standard Bank en die Nederlandse Bank. Elke bank het sy eie banknote uitgereik en daarom is die **Suid-Afrikaanse Reserwebank (SAR)** gestig. Dit is die enigste instansie wat Suid-Afrikaanse banknote en muntstukke mag uitreik. Die **SAR** koop en verkoop buitelandse valuta, beheer die kontantreserwes van alle banke en bewaar goud en buitelandse geld in sy kluise. Die **SAR** is tans die magtigste finansiële instelling in Suid-Afrika.



### *Inflasie*

6. Wanneer ons van inflasie praat, verwys ons na die algemene en voortdurende styging in pryse van dienste en goedere. Wanneer inflasie hoog is, kan jy minder met dieselfde hoeveelheid geld koop as wat jy voorheen kon. Die afgelope jare het inflasie toegeneem en die waarde van geld het afgeneem. In 1976 het jy **27 sent** vir 'n liter *Coco-Cola* betaal. In **Maart 2013** kos 'n liter *Coke* R11! In 1973 het 'n liter petrol ongeveer **nege sent** gekos. In **Maart 2013** kos 'n liter petrol meer as R13!

* **Lombard** is 'n bekende Afrikaanse <u>van</u> (**<u>van</u>:** *surname*).

Uit: *Alles oor Suid-Afrika*, 2001]

**Oefening 3:** Post-lees

Lees die vrae aandagtig deur nadat jy seker gemaak het jy verstaan die woordeskat in die blokkie.

**Beantwoord die onderstaande vrae.**

1. Wat is 'n tiekie?
2. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
2.1 'n Tiekie is afkomstig uit Maleisië.
2.2 Motiveer jou antwoord.
3. Wat is 'n openbare telefoon?
4. Waarom is 'n pennie aan die Kaap 'n **oulap** genoem?
5. Op 14 Februarie 1961 is die **pond** deur die Suid-Afrikaanse Rand vervang. Watter dag, behalwe die herdenking van desimalisasie, word elke jaar op 14 Februarie gevier?
6. **Wanneer** en **waar** is papiernote vir die eerste keer as geldeenheid in Suid-Afrika gebruik?
7. Watter **twee** provinsies in die land was die eerste om banke te hê?
8. Dink jy dit is belangrik dat daar net **een** instansie in Suid-Afrikaanse moet wees wat banknote en muntstukke mag uitreik?
9. Waarom dink jy word alles wat ons koop, duurder?
10. Wanneer kan dienste en goedere moontlik weer goedkoper word?
11. In watter stad is die Suid-Afrikaanse Reserwebank? (Dit staan nie in die teks nie)

## Skryf en aanbied

### Oefening 4: Skryf 'n lang transaksionele teks (80 – 100 woorde)

Jy het 'n studiebeurs ontvang. Aan die einde van die jaar moet jy na 'n universiteit toe gaan, omdat jy gaan leer om 'n dokter te word. Jy wil graag jou onderwysers en vriende bedank vir die hoërskooljare wat jy saam met hulle kon deurbring.

Skryf jou bedanking in die vorm van 'n **TOESPRAAK**.

**Voordat jy jou TOESPRAAK inhandig, moet jy onthou om …**

- die toespraak eers te beplan.
- 'n konsep te skryf.
- die toespraak te hersien en seker te maak dat jy nie afgedwaal het en onnodige inligting geskryf het nie.
- die toespraak te redigeer en te proeflees.
- jou finale aanbieding te skryf en in te handig.
- die korrekte aantal woorde te skryf: 80 – 100
- die korrekte getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan te dui.

**Kenmerke van ’n bedanking**

- Dit is jy wat aan die woord is.
- Die bedanking word in die eerste persoon (ek) geskryf.
- Jy spreek jou hoof en onderwysers as **u** aan.
- Die **u** word met ’n kleinlettertjie geskryf, behalwe aan die begin van ’n sin.
- Jy spreek jou vriende en vriendinne as **jy**, **jou** en **julle** aan.
- Die bedanking word in die teenwoordige -, verlede- en toekomende tyd geskryf.

**Nuttige woordeskat**

- Ek staan byna aan die einde van my skooldae hier by julle.
- Ek wil julle graag bedank vir...
- Daar was baie pret. (goeie dae)
- Daar was ook hartseer dae. (slegte dae)
- Dankie vir die hulp met die huiswerk.
- Baie dankie dat ek op jou / julle kon staatmaak.
- Mnr. Baloyi, dankie dat u gewillig was om my met my Wiskunde-oefeninge te help.
- Ons het saam sokker/netbal/rugby gespeel.
- Ten slotte: Ek vertrou ons sal mekaar weer iewers in die toekoms raakloop.

## Taal in konteks (Taalstrukture en -konvensies)

**Sinsoorte**



Daar is vier verskillende soorte sinne in Afrikaans:

1. Stelsin.
2. Bevelsin.
3. Vraagsin en
4. Uitroepsin. (Eksklamasie)

**Oefening 5: Benoem die onderstaande soorte sinne en motiveer jou antwoord.**

1. In watter land kan jy met roebels betaal?
2. Moenie geld mors nie!
3. Die kinders het geld in die straat opgetel.
4. Daar hardloop die rower met sy buit!

**Oefening 6: Skryf die volgende sinne in die ontkenningsvorm:**

1. Die beursie behoort aan my.
2. Het jy al ooit met ’n kredietkaart betaal?
3. Iemand het geld aan die bedelaars gegee.
4. Kon jy die bank opspoor? Ek kon geen …
5. Loop stadig!

**Oefening 7: Gee die antonieme/teenoorgestelde van die onderstreepte woorde.**



1. Baie mense is <u>skatryk</u>.
2. Dit is baie <u>lawaaierig</u> in die bank.
3. <u>Spaar</u> jy geld?
4. 'n Bank in die middestad word <u>gebou</u>.
5. Ons <u>koop</u> daagliks brood op straat.

**Oefening 8: Gee die korrekte vorm van die telwoord tussen hakies.**

1. Elke (drie) inwoner in die dorp het 'n spaarrekening.
2. Die vrou met die kierie is altyd (een) by die bank.
3. Die bekende sakeman staan (agt) in die tou om geld te trek. Hy wou graag heel voor gestaan het.

**Oefening 9: Kies die korrekte woord tussen hakies.**

1. Daar is **vyftien** banke in die stad. **Vyftien** is 'n (hooftelwoord / rangtelwoord).
2. Die **tiende** teller is bevorder. **Tiende** is 'n (hooftelwoord / rangtelwoord).

**Oefening 10: Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.**

1. Miljoenêrs is (ryk) as gewone salaristrekkers.
2. Bill Gates is een van die (invloedryk) mense op aarde.
3. Daar is talle volke wat (arm) is as Keniane.
4. Dit is (goed) om meubels kontant te koop as op skuld.
5. Van al die inwoners woon filmsterre in die (duur) huise in die stad.
6. Betaal maandeliks (baie) geld op jou verband as wat jy moet, dan is jou huis gou afbetaal.
7. Die rykes se huise is (groot) as die armes s'n.

**Oefening 11: Skryf die onderstaande sinne in die …**

**verlede tyd.**

1. Talle bankiers belê geld oorsee.
2. Die bouers bou vier nuwe banke.
3. Ons bure koop al hulle meubels kontant.
4. Filmsterre betaal baie duur om in ryk woonbuurtes te woon.
5. Sy huis is modern.
6. Die bank het nuwe kantore.

**toekomende tyd.**

1. Waar belê jy jou geld?
2. Die bank is tien verdiepings hoog.
3. Hulle nuwe huis kos R3 000.000.
4. Die arm boemelaar het nie 'n blyplek nie.
5. Waar kan ek bakstene vir my nuwe huis bestel?

**Oefening 12: Verbeter die spelling van die onderstreepte woorde.**

1. Inwoners met skuld het ernstige finansiele probleme.
2. Ons trek elke dag geld by die kits bank.
3. Die fensters van die bank word elke maand gewas.
4. My pa parkeer die motor in die parkkade wanneer ons stad toe gaan.
5. Motors is nie goetkoop nie.

**Afkortings/ akronieme /verkortings**

**Afkortings** word gebruik om woorde te verkort, bv. Rand – **R** (altyd hoofletter) en sent- **c** (altyd **c** en nie **s** vir **sent** nie).

**Akronieme** is letterwoorde, bv. SANLAM, ABSA. Hierdie soort afkortings word as ʼn woord uitgespreek.

**Verkortings** is ʼn verkorte wyse van ʼn woord waar net die **eerste gedeelte** van die woord gebruik word, bv. **sel** vir selfoon, **bib** vir biblioteek.

**Oefening 13: Skryf die afkortings uit.**



1. Ons betaal 4% BTW op meeste van ons inkopies.
2. Die SAID vorder inkomstebelasting van Suid-Afrikaners in.
3. Elke dorp het ʼn BBV wat kyk dat belasting korrek gebruik word.

**Woordorde**

Lees die volgende sin. Die woordorde is nie korrek nie. Probeer vasstel wat is fout met die woordorde en verbeter die fout. (onthou S*TOMP*I)

❖ Die sakevrou elke maand trek ʼn groot som geld by die bank.

**Oefening 14: Skryf die volgende sinne oor sodat die woordorde korrek is.**

1. Baie banke is daar in die stad waar ons kan geld belê (*invest*).
2. Nadat my grootouers het die rekening betaal, hulle koffie drink in die kafee.
3. Kos R300 die klere?



# HOOFSTUK 8: ROLMODELLE

## Week 15 en 16

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | • oor rolmodelle praat.<br>• luister vir spesifieke inligting. |
| Lees en kyk | • humoristiese tekste lees.<br>• die kortverhaal vir waardering en begrip lees. |
| Skryf en aanbied | • die formaat van ‘n uitnodigingskaartjie / advertensie / poskaart leer.<br>• ’n uitnodigingskaartjie / advertensie / poskaart ontwerp en skryf.<br>• op prosesskryf fokus. |
| Taalstrukture en -konvensies | • woordeboeke gebruik en homonieme, sinonieme en antonieme opsoek.<br>• tussen feite en menings onderskei.<br>• nuwe woorde vorm wat afleidings, samestellings en samestellende afleidings is.<br>• enkelvoudige en saamgestelde sinne oefen.<br>• van deelwoorde leer.<br>• lydende en bedrywende vorm leer en hersien. |

## Luister en praat
### Rolmodelle


#### Pre-luister

- Neem deel aan die klasgesprek:
  - o Identifiseer die volgende bekende mense.
  - o Wat het hulle bekend gemaak?
  - o Watter karaktertrekke het hulle?
  - o Wie se karaktertrekke en dit wat hulle bereik het, sal jy wil na-aap.

**Van Suid-Afrika**

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| **Die Antwoord** | **Thabo Mbeki** | **Molemo "*Jub Jub*" Maarohanye** | **Riaan Cruywagen** |

**Van ander Lande**

| | | | |
|---|---|---|---|
|  |  |  |  |
| **Jennifer Hudson** | **Gordon Ramsay** | **Justin Bieber** | **Kim Kardashian** |

**Weet jy dat iemand wie se lewenstyl jy bewonder en dalk graag sal wil na-aap bekend staan as 'n rolmodel.**

Leer die woorde en hulle betekenis sodat jy die luisterteks beter kan verstaan.

| | |
|---|---|
| onderhoud – *interview* | appél aangeteken – *appealed* |
| sommige – *some* | deelneem – *take part in.* |
| lemme – *blades* | getal – *number* |
| voordeel – *advantage* | sportwetenskap – *Sport Sciences* |
| amputasies – *amputations* | afdeling – *section* |
| onderwerp – *topic / subject* | hof van arbitrasie – *cvourt of artibitration* |
| beheerliggaam – *Governing Body* | klug – *farce* |
| saamgestem – *agreed* | ondersoek – *investigate* |
| verban – *banned* | sterkte – *good luck* |
| gestrem – *disabled* | atletiekloopbaan – *career in athletics* |

**Terwyl jy luister**
- Luister na die onderhoud wat Jonathan McEvoy van die *Daily Mail* en Oscar Pistorius op 1 Februarie 2013 gehad het.
- Maak aantekeninge terwyl jy na die teks luister.

| | |
|---|---|
| **Oscar Pistorius** |  |

**Post-luister**
- Beantwoord die vrae oor die teks saam met 'n maat.
- Deel jou antwoorde met die klas.

**Oefening 1: Luisterbegrip**
1. Hoekom dink jy pas die naam Cheetah by die lemme?
2. Al die volgende stellings is ONWAAR. Gee telkens 'n rede hoekom dit onwaar is.
    a. Die lemme waarmee Oscar gehardloop het, het hom stadiger gemaak as atlete wat nog al hulle ledemate het.

b. Oscar gaan nog steeds onderhoude toestaan oor die lemme wat hom help.
c. Daar is 6 jaar tevore toetse op die lemme gedoen.
d. Oscar is toegelaat om aan die spele in Sydney deel te naam.
e. Pieter Weyand het bevind (*found)* die lemme gee Oscar ’n 16 sekonde voordeel.
f. Pieter Weyand het toetse gedoen om Ross Tucker te help.
g. Ross Tucker het alreeds toetse gedoen op die lemme wat Oscar gebruik.

3. Waarvoor was Oscar later in Februarie ook in die nuus?
4. Dink jy Oscar is ’n rolmodel? Gee ’n rede vir jou antwoord.

## Lees en kyk

**Oefening 2: Spotprente en strokiesprente**
**Pre-lees**
Bespreek die volgende vrae in ’n groep.


- Dink jy mense wat leiers van groot maatskappye soos ESKOM is, kan ook rolmodelle wees?
- Wat is die verskil tussen ’n positiewe en ’n negatiewe rolmodel?

Lees en kyk na die onderstaande spotprent:




**Post-lees**
1. Met watter belangrike organisasie word hier gespot?
2. Wat doen die man?
3. Wat sê die man se gesig vir jou?
4. Wat verteenwoordig die arm met die kers (*candle*)?
5. Wat beteken die woorde *Laat daar lig wees?*
6. Dink jy die woorde *Laat daar lig wees* en die arm met die kers sê vir ons iets? As jy JA geantwoord het, wat sê dit vir ons?
7. Het die kunstenaar (*artist*) reg om met ESKOM te spot?
8. Dink jy ESKOM is ’n goeie rolmodel? Motiveer jou antwoord.

# Strokiesprent




1. Waar speel Lucy met die strandbal?
2. Wat het met die bal gebeur terwyl sy daarmee gespeel het?
3. Watter twee kleure was Lucy se bal?
4. Hoekom dink jy sal Lucy die bal nooit weer terugkry nie?
5. Watter lelike ding het Lucy vir Charlie Brown gesê?
6. Wat is die verskil tussen 'n spotprent en 'n strokiesprent?


## Lees en kyk

Pre-lees

1. Dink jy net bekende mense is rolmodelle?
2. Lees die titel van die kortverhaal. Waaroor dink jy gaan die kortverhaal?
3. Dink jy die prentjies vertel ook iets van die kortverhaal?
4. Lees die mooi kortverhaal oor 'n meisie en haar ouma en besluit dan wie almal rolmodelle kan wees.

Lees

Lees die kortverhaal.



# ’n PLAN VIR KERSFEES.

Marita van Aswegen



Daar was eendag ’n meisie en haar ouma. Die ouma het gewoon op ’n klein plasie met ’n groot perskeboord. (*peach tree*) Geel en rond het die perskes aan die takke van die bome gehang. .Net voor Kersfees het die meisie gaan kuier. Sy het haar ouma dopgehou terwyl sy ‘n droë boomtak versier (*decorate*). Met plooierige hande het sy die takke blink geverf en draadengeltjies daaraan opgehang, ook sterrekoekies wat met silwer lekkers versier is en gebakte gemmerbrood-mannetjies.

Die ouma het krom geloop en die toegedraaide Kersgeskenke (*Christmas gifts*) wat sy in die kas in die kamer bêre, gaan haal. Sy het die toegedraaide pakkies (*wrapped gifts*) onder die boom neergesit.

Die meisie het diep gesug. Sy het nie geld gehad om kersgeskenke te koop nie. Sy het nie eers iets gehad om vir haar ouma te gee wat soveel moeite gedoen het nie. Sy het vir die meisie poeding en vleispasteie (*meat* pies) gemaak en haar lyf ingevryf met geurige, koel spierwit room.(*body crème*)

Die meisie het kruisbeen gaan sit op die stoep. Sy was baie hartseer. Haar ouma het haar gesien en langs haar op die ou bank kom sit. Sy het vir haar ouma vertel wat haar pla.

Haar ouma het geglimlag en haar bruin het tussen die plooie verdwyn. “Ek sal jou help om geskenke vir almal te hê,” het sy gesê.

Die ouma het vir die meisie gewys om die grootste geel perskes van die bome te pluk. Saam het hulle twee by die geskropte kombuistafel gesit en die perskes met skerp, klein messies afgeskil. Die meisie het dit maklik reggekry om die pitte van die perskes met die skerp punt van die mes uit te sny. Die afgeskilde perskes is in water met ’n bietjie sout binne in ’n blou emalje skottel gegooi.




Die ouma het die meisie gewys om twee koppies water met een koppie suiker te meng vir stroop. Terwyl die meisie gewag het dat die stroop moet begin kook, het sy solank die boepens glasbotteltjies wat die ouma uit haar houtkas met die glasvenstertjies gehaal het, gewas

Toe die stroop kook, het die meisie versigtig agt halwe perskes in die pot geplaas.

“Nie te lank kook nie, anders word dit pap,” het die ouma gewaarsku en in die pot geloer. Sy het die stoom van haar brilglase afgevee.

Toe die perskes deurgekook was, het die ouma haar gewys hoe om dit in die bottel te pak, die stroop oor te gooi en vinnig te verseël.

"Nou kan jy die ander bottels self vol maak," het die ouma gesê en haar hande aan haar voorskoot afgevee.

Die meisie het weer agt halwe geelperskes in die stroop geplaas. Sy het gehou van die geur van die kokende perskes. Sy het die botteltjie ingelegde perskes opgetel en dit teen die lig gehou.

"Dit lyk baie mooi," het sy gesê. Met vla sal dit 'n heerlike poeding wees."

"Kom ek wys jou iets," het die ouma gesê. Sy het 'n stuk lap met klein groen en wit blokkies uit 'n laai gehaal en 'n groterige sirkel daaruit gesny. Toe het sy die sirkel oor die deksel van die bottel met ingelegde vrugte gevou en 'n wit lintjie om die nek van die fles vasgebind.

"Dit lyk pragtig ," het die meisie gesê, "mooier as enige gekoopte geskenk."

Van daardie dag af het die meisie met nuwe oë na alles om haar gekyk en wat sy dalk kan gebruik om vir iemand 'n geskenk mee te maak.

**Oefening 3: Hoe goed het jy die teks verstaan.**

1. Waar het die ouma gebly?
2. Watter lekker vrug groei op die ouma se plaas?
3. Noem drie dinge waarmee die ouma haar kersboom versier het.
4. Hoekom was die meisie se hart baie seer?
5. Watter plan het die ouma vir die meisie se probleem gehad?
6. Hoe het die meisie haar geskenke voorberei?
7. Watter belangrike les het die meisie geleer.
8. Som die karakter van die meisie en die ouma in die tabel op:

| **Karaktertrekke van meisie** | **Karaktertrekke van ouma** |
|---|---|
| | |

9. Skryf 'n ander slot vir die verhaal.
10. Hierdie verhaal is eintlik vir meisies. Dink jy seuns kan ook 'n les uit die kortverhaal leer.
11. Sou jy dalk die titel van die verhaal wil verander.

## Skryf en aanbied

### ’n Advertensie

In ’n advertensie adverteer mense dinge wat hulle maak en wil verkoop. Die adverteerders (mense wat dinge wil verkoop) probeer baie hard om hulle produkte (dit wat hulle maak) te verkoop. Die advertensie moet so goed wees dat mense dit graag wil koop.

Voordat jy ’n advertensie skryf, moet jy die volgende onthou:

- ’n Advertensie moet so goed wees dat die mense die produkte graag wil koop.
- Dit word vir ’n spesifieke groep mense, soos tieners, gemaak.
- Die mense moet baie graag die produk wil koop.
- Die advertensie is baie goed as dit eenvoudig (*simple*) is.
- Dit moet onmiddellik die mense se aandag (*attention*) trek.
- Moenie te veel woorde gebruik nie.
- Die mense moet die advertensie maklik verstaan.
- Lettergrootte, lettertipes en uitleg is belangrik.
- Dit moet al die inligting (*information*) oor die produk gee.
- ’n Advertensie berus op die sogenaamde ABBA-beginsel. ’n Advertensie moet ’n mens se **Aandag** trek. Die mens se **Belangstelling** (*attention) vir* die produk moet gewek word. Die advertensie moet ‘n **Begeerte** (*desire*) by die mens wek. As die advertensie in sy doel slaag, sal die mens tot **Aksie** (action) oorgaan
- Die vrae wat?, waar?,wat alles?,hoeveel? en vir wie?moet beantwoord kan word.

‘n Voorbeeld van ‘n Advertensie:

| | |
|---|---|
| **Wil jy in wees?**<br><br>**Dan is die nuutste selfone in die dorp net die regte ding!**<br>Nokia, Samsung, Blackberry…en nog vele meer. | *Wat?* |
| Selfoon Direk<br>Park Inkopiesentrum<br>Winkel 23 | *Waar?* |
| **Simkaarte van MTN, Vodacom, Cell-C,**<br>**Oorfone vir elkeen**<br>**Omhulsel in alle kleure,**<br>**Battery vir elke selfoon op die mark,**<br>**1GG geheue p/m.**<br>**Dit maak die selfone mos ’n moetkoop!** | *Wat alles?*<br>*(Let op die manier waarop die getal woorde meer gemaak is)* |
| **Van so min as R100-00** | *Hoeveel dit kos / Prys* |
| **Vir díe wat ALTYD in kontak wil bly.** | *Vir wie?* |

**Oefening 4**

Skryf ’n **advertensie** van 50 tot 80 woorde waarin jy die konsert van Justin Bieber adverteer.

**Jy moet:**

- die advertensie beplan.
- ’n konsep skryf.
- die advertensie hersien en seker maak dat jou inligting korrek is.
- Die advertensie redigeer en proeflees.
- jou finale aanbieding skryf en inhandig.

## Taal in konteks (Taalstrukture en -konvensies)

**Oefening 5: Woordeboekgebruik**:

Daar is verskillende soorte woordeboeke.
’n Tweetalige woordeboek help ’n mens om ’n woord in ’n ander taal op te soek.
’n Verklarende woordeboek help ’n mens om die betekenis van ’n woord op te soek.

’n Tweetalige woordeboek kan OOK as ’n verklarende woordeboek gebruik word.

As jy byvoorbeeld ’n sinoniem moet kry vir die woord “trots” en jy het nie ’n verklarende woordeboek nie, kan jy die volgende stappe volg:

1. Soek die Engelse betekenis van die woord trots op: “*pride, boast, glory,* ens.
2. Soek dan aan die Engelse kant die woord *pride* op.
3. Daar sal jy dan sinonieme vir die woord kry: *hoogmoed, glorie, fierheid,* ens.

Dieselfde metode kan gebruik word om die antonieme van woorde op te soek; jy sal net moet weet wat die antoniem van die woord in Engels is.

**Party woorde klink dieselfde, hulle word dieselfde gespel, maar hulle betekenis verskil.**

Die bal **rol** oor die gras. (Die bal beweeg oor die gras)
My ma speel ‘n belangrike **rol** in my lewe. (Die dinge wat jou ma vir jou in die lewe doen.)

**Oefening 6**
Skryf TWEE sinne met elke van die volgende woorde sodat die betekenis in konteks verskil:
1. gorrel
2. fluit
3. knie
4. span
5. antwoord

**Sinonieme woorde is woorde wat dieselfde betekenis het.**

**Oefening 7**
Gebruik 'n verklarende of 'n tweetalige woordeboek en soek 'n sinoniem vir die volgende woorde. Gebruik die woorde dan in 'n goeie sin.
1. knak
2. beker
3. skud
4. tevrede
5. snik

**Antoniem – 'n woord wat die teenoorgestelde betekenis het: suksesvol – onsuksesvol**

**Oefening 8**

Gebruik 'n verklarende of 'n tweetalige woordeboek en gee 'n antoniem vir die volgende woorde. Gebruik altwee die woorde ook in 'n goeie sin.

1. helder
2. skouspelagtig
3. donker
4. hardop
5. daal

**Oefening 9: Kritiese Taalbewustheid**

**`n Feit** is `n stelling wat getoets kan word om die waarheid daarvan te bepaal terwyl**`n Mening** die persoonlike opinie van die spreker is.

Sê of die volgende stellings 'n feit (*fact*) of 'n mening ( *opinion*) is.

1. Die aarde gaan oor tien jaar vergaan.
2. Die aarde is rond.
3. Cristiano Ronaldo is 'n sokkerspeler.
4. Cristiano Ronaldo is die beste sokkerspeler ooit.
5. Dit is fantasties om bekend te wees.
6. Rolmodelle behoort voorbeeldige lewens te leef.
7. Alle kinders misbruik die opvoedkundige geleenthede wat hulle kry.
8. Opvoeding is belangrik vir 'n suksesvolle toekoms.

**Woordvorming**

**Afleiding**
Voorvoegsels of premorfeme word **voor** aan woorde en agtervoegsels of postmorfeme word **agter** aan woorde gelas om nuwe woorde te vorm. Premorfeme en postmorfeme kan nie alleen iets beteken nie.

| **Voorvoegsel** | | **Basiswoord** | | **Afleiding** |
|---|---|---|---|---|
| mis | + | handel | = | mishandel |
| be | | antwoord | | beantwoord |

| **Basiswoord** | | **Agtervoegsel** | | **Afleiding** |
|---|---|---|---|---|
| tuin | + | ier | = | tuinier |
| siek | | erig | | siekerig |

**Samestelling**
As twee woorde wat alleen kan staan en betekenis het, saamgevoeg word, word 'n samestelling gevorm.

| **Basiswoord** | | **Basiswoord** | | **Afleiding** |
|---|---|---|---|---|
| duik | + | slag | = | duikslag |
| span | | sport | | spansport |

Sommige samestellings word met 'n verbindingsklanke bymekaar gesit.

| **Basiswoord** | | **Verbindingsklank** | | **Basiswoord** | | **Afleiding** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| woord | + | e | + | boek | = | woordeboek |
| wetenskap | | s | | fiksie | | wetenskapsfiksie *(science fiction)* |

**Oefening 10: Sinsbou**

'n Eenvoudige sin het net een onderwerp, een voorwerp en een werkwoord.
Voorbeeld: Die tennisspeler (onderwerp) slaan (werkwoord) die bal (voorwerp).

Brei die volgende sinne uit sodat dit een onderwerp, een werkwoord en een voorwerp het.

1. My rolmodel is ____________________
2. ______________ slaan _________________________.
3. My goeie onderwyser ________________ , _________________.
4. _________________, _________________, die skelm.
5. Ek ____________, ______________ .

**Deelwoorde**

**Oefening 11: Deelwoorde**
Skryf die regte vorm van die word tussen hakies neer.

1. (Gaap) man.
2. (Beskryf) opstel
3. (Bloos) meisie
4. (vlug) mense
5. (voorberei) toespraak
6. (huil) baba
7. (Groei) kinders
8. (ontken) vorm
9. (verhaal) opstel

**Oefening 12: Deelwoorde**
Skryf die swak verlede deelwoord van die volgende woorde:
1. (verkoop) motor
2. (bespreek) sitplek
3. (bewaar) geheim
4. (behandel) appel
5. (voltooi) toets
6. (vertaal) storie
7. (mishandel) kind

**Oefening 13: Deelwoorde**
Herskryf die volgende sinne en gee die korrekte vorm van die woorde tussen hakies:

1. Die (loop) water stort in die (vloei) rivier.
2. Die (trou) paartjie het ’n (koop) huis.
3. Die man het ’n (ryk) verbeelding.
4. Die (praat) leerders wil nie na die onderwyser luister nie.

**Lydende (aktief) en Bedrywende (passief) vorm** (Active and passive voice)
**Die man lees die boek**
**Die boek word deur die man gelees.**

Gebruik die volgende stappe om sinne in die bedrywende vorm na die lydende vorm te verander.

1. Identifiseer die Onderwerp en die Voorwerp en ruil dit om.
2. Bepaal die “tyd” van die sin en pas die betrokke taalreël toe.
3. Identifiseer die bywoorde van tyd en wyse en skryf dit tussen die “word” en “deur”, “is” en “deur” en “sal” en “deur”. Die bywoord van plek bly waar dit is.
4. Skryf die verledetydsvorm van die werkwoord aan die einde van die sin.
5. Skryf die res van die sin.

**1. <u>Teenwoordige tyd</u>**
word + deur
- Die man (onderwerp) lees (werkwoord) die boek (voorwerp)
  Tyd= teenwoordige tyd. Gebruik dan word.
  **Lees** word na **gelees** verander.
  - Die boek word deur die man gelees.

**2. <u>Verlede tyd</u>**
is + deur
- Die man het die boek gelees.
- Die boek is deur die man gelees.

**3. <u>Toekomende tyd</u>**
sal + deur + word aan die einde van die sin.
- Die man sal die boek lees.
- Die boek sal deur die man gelees word.

**ONTHOU**:
Voornaamwoorde verander:
Ek – my
Jy – jou
Sy – haar
Hy – hom

**Oefening 14: Lydende en bedrywende vorm**

Skryf die volgende sinne in die lydende vorm:

1. Hy koop kaartjies.
2. Ons het die vertoning bygewoon.
3. Die meisie sal haar rolmodel ontmoet.
4. Wie glo alles van 'rolmodel?
5. Die seun hardloop vinnig.
6. Waarom hou jongmense van popsterre?
7. Sy sien elke dag haar held.
8. Hulle het gou-gou die kaartjies gekoop.
9. Ons neem die trein na die konsert toe.
10. Hulle verkoop elke aand die programme by die konsert.

# HOOFSTUK 9: TOERISME

## WEEK 17 en 18

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | • oor die Gautrein praat.<br>• aan 'n groepbespreking deelneem.<br>• aan 'n informele gesprekvoering deelneem. |
| Lees en kyk | • meer oor kultuur leer.<br>• vrae oor 'n leesstuk beantwoord. |
| Skryf en aanbied | • woorde leer wat geskik is vir 'n dagboekinskrywing.<br>• 'n vriendskaplike brief skryf.<br>• op prosesskryf fokus. |
| Taalstrukture en -konvensies | • leer van klanke en klankverskynsels.<br>• sinne verbind deur voegwoorde te gebruik.<br>• die korrekte voorsetsel kies.<br>• die korrekte betreklike voornaamwoord neer skryf.<br>• sinonieme gebruik.<br>• die meervoudsvorme gebruik.<br>• vraende voornaamwoorde gebruik.<br>• trappe van vergelyking gebruik.<br>• sinne in verskillende tye skryf.<br>• spelfoute verbeter. |

### Luister en praat


**Praat: Klasbespreking**

Die Gautrein is in Junie 2010 in gebruik geneem, net betyds vir die 2010 FIFA-wêreldbeker. In die onderstaande tabel is daar 'n paar kenmerke of eienskappe wat by die Gautrein pas.



Nadat julle in die klas oor die Gautrein gepraat het, gaan jy nou kyk watter van die volgende kenmerke by die Gautrein pas.

| DIE GAUTREIN | |
|---|---|
| **EIENSKAPPE / KENMERKE** | |
| • vuil | • groen trein |
| • vinnig | • volvloermatte |
| • stadig | • geen plek vir rolstoele |
| • stukkend | • raas baie |
| • skuifdeure | • geen sitplekke nie |
| • betroubaar | • lugreëling |
| • elektroniese kennisgewings | • onbetroubaar |
| • stil | • bagasierakke |
| • alle passasiers moet staan | • getinte vensters |
| • geen lugreëling nie | • veilig |
| • modern | • ongerieflik |



**Beantwoord die volgende vrae in die klas**:


1. Waarom is die Gautrein gebou?
2. Wat is die drie kleure van die Gautrein?
3. Teen watter spoed ry die Gautrein?
4. Watter drie stasies is die hoofstasies?
5. Hoeveel ander stasies is daar nog?
6. Wat is die name van hierdie stasies?
7. Het jy al met die Gautrein gery?

**Oefening 1:Informele assesseringstaak: Gesprekvoering**

**Onderwerp**: Baie meer mense in ons land moet van treinvervoer gebruik maak.

**Voor jy praat**

**Dit is ’n informele gesprekvoering, daarom moet jy …**




- spontaan aan die gesprek deelneem.
- jou mening kan lug.
- saamstem met ander.
- van ander kan verskil.
- woorde kies wat by die gesprek pas.(Gebruik die woorde in die tabel.)

**In die onderstaande tabel is daar woorde en frases wat julle in jul informele gesprekvoering kan gebruik.**

| **Woordeskat** | |
|---|---|
| **Afrikaans** | **Engels** |
| Dut/ slaap | *Take a nap* |
| Geniet die rit | *Enjoy the trip* |
| Gerieflik | *Comfortable* |
| Gesellig | *Sociable* |
| Hoe motoriste ry | *How motorists drive* |
| Kyk na geboue | *Look at buildings* |
| Lees koerante, tydskrifte | *Reading newspapers, magazines* |
| Minder verkeer op die paaie | *Less traffic on the roads* |
| Motorongelukke | *Car accidents* |
| Nuwe vriende | *New friends* |
| Ontmoet | *Meet* |
| Ontspanne | *Relax* |
| Pendelaars | *Commuters* |
| Verkeer | *Traffic* |
| Verkeersknope | *Traffic jams* |
| Nie moeg nie | *Not tired* |
| Betyds | *On time* |

## Lees en kyk



**Lees 'n artikel**

**Pre-lees**
**Bespreek die volgende vrae in groepe:**
- Wat is 'n erfenisterrein?
- Moet ons respek vir erfenisterreine hê?
- Watter kosse eet jy volgens jou kultuur?
- Het die volk/kultuur waaraan jy behoort volksdanse of enige danse wat julle saam doen?


**Maak seker dat jy die betekenis van die volgende woorde in die blok verstaan:**

- **Geskiedkundige** beteken wat tot die geskiedenis behoort.
- **Bewonder** is wanneer iets vir jou baie mooi is.
- **Rotskuns** is tekeninge of sketse wat op rotse uitgekrap is.
- 'n **Grot** (*cave*) is 'n opening in rotse waarin mense gebly het of diere skuil (*hide*).
- **Skilder** beteken om te teken.
- **v.C.**: Voor Christus.
- **Rubberstewels** is stewels of skoene wat uit rubber gemaak is.
- 'n **Gereg** is 'n kossoort wat jy eet.
- **Geurige** beteken dit smaak en ruik lekker.
- **Erfenis** is iets wat jy erf of wat aan die land behoort.
- 'n **Woud** is 'n gebied waarin daar baie bome groei.
- 'n **Gemeenskap** (*society*) is 'n groep mense bymekaar.
- **Esteties** beteken baie mooi.

**Terwyl jy lees, dink aan die volgende:**
- Uit watter bron kom hierdie inligting?
- Verstaan jy die inhoud van die leesstuk?
- Is die leesstuk interessant?
- Het jy al van hierdie plekke wat in die leesstuk genoem word besoek of daarvan gehoor?
- Het jy al van die kossoorte (wat genoem word) geëet?

### TEKS 1
## *Kultuur*






(Uit: *Google Images*)

1. **Kultuur** verwys na waardes, menings en gebruike van 'n spesifieke groep mense. Geskiedkundige geboue of bakens (*beacons/ landmarks*) is ook voorbeelde van kultuur.

2. **Kuns** en **handwerk** is ook kultuur en behoort aan sekere groepe mense. Almal in die land kan hierdie groepe mense se kuns en handwerk koop of net bewonder. Dink aan die oudste rotskuns van die San-mense. Dié rotskuns is naby Kuruman in die Noord-Kaap en in die Wonderwerk-grot. Hierdie rotskuns is al 8200v.C. deur die San-mense op die rotse

geteken. Honderde mense in ons land hou daarvan om te skilder. As jy graag na skilderye wil gaan kyk, kan jy na 'n kunsgalery in Durban, Johannesburg of Port Elizabeth gaan.

3. **Musiek** en **dans**. Daar is baie soorte danse in Suid-Afrika. Dink maar aan die rubbersteweldanse of *isicathulo* deur die Johannesburgse mynwerkers, die *indlamu,*'n tradisionele Zulu-dans waar die dansers een voet bo hulle kop lig en dan weer hard op die grond stamp, en *volkspele*, 'n tradisionele volksdans (*traditional folk dances*).

   Daar is baie soorte Suid-Afrikaanse musiek, soos *kwaito*, 'n plaaslike soort house-musiek, *kwêla* (kwêlafluitjie-gebaseerde straatmusiek) en *marabi*, 'n tipe musiek wat met Amerikaanse jazz en blues verbind word. Koormusiek is ook 'n gewilde vorm van musiek in Suid-Afrika. Dink aan die Soweto Gospelkoor wat internasionaal bekend is en al in baie lande opgetree het.

4. **Cuisine**. Suid-Afrikaanse kossoorte is beïnvloed deur inheemse Afrika-kulture en deur Europese en Asiatiese kulture. Daar is *umngqusho* (stampmielies en bone), 'n gewilde Xhosa-gereg, en *bobotie* (geurige maalvleis met 'n eier-bolaag wat gebak word) is 'n tradisionele Kaaps-Maleise gereg. Braaivleis is 'n gewilde gereg wat die meeste Suid-Afrikaners geniet, veral by sosiale byeenkomste.

5. **Erfenisgebiede**. Daar is drie soorte erfenisgebiede: kulturele erfenisgebiede, natuurlike erfenisgebiede en gemengde kulturele en natuurlike erfenisgebiede. Al drie erfenisgebiede is baie belangrik, maar ons staan stil by een van die mooiste erfenisgebiede: natuurlike erfenisgebiede. Natuurlike erfenisgebiede kom in die natuurlike omgewing voor en sluit woude, kusgebiede, vleilande, watervalle, grotte en berge in. Hierdie gebiede is gewoonlik vir mense van betekenis vanweë hul natuurlike skoonheid. Om tot erfenisgebiede verklaar te word, moet hulle van wetenskaplike, estetiese of opvoedkundige betekenis vir die gemeenskap wees.

[Verwerk en verkort uit: *Via Afrika Toerisme Graad 10 Leerderboek*. 2001]

**Post-lees**

**Oefening 2**



**Beantwoord die onderstaande vrae.**

1. Waarna verwys kultuur?
2. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?
2.1 Kuns en handwerk is nie kultuur nie.
2.2 Motiveer jou antwoord.
3. Waarvoor is die San-mense so bekend?
4. Wat beteken 8 200 v.C.?
5. Waar word skilderye gewoonlik uitgestal?
6. Beskryf die *indlamu*.
7. Waarom is die Soweto Gospelkoor so bekend?
8. Wat is bobotie?
9. Wat beteken "**ons staan stil by"**'n erfenisgebied?
10. Waarom hou mense so baie van erfenisgebiede in die natuur?
11. Wanneer word 'n gebou of park of terrein tot erfenisgebied verklaar?

**Lees 'n liedjie**

**Pre-lees**

- Wat dink jy beteken die titel van die liedjie van Chris Cameleon?
- Merk al die name van dorpe/stede wat jy in die liedjie herken.
- Weet jy op watter kontinente daardie dorpe/stede is?

**TEKS 2**

**Reis**

Sit jou helelewe lank op jou sitvlak, 'n luilak, by die huis.
En al wat jy ken, is die reis van die rusbank tot in die kombuis.
Is jou idee van transport droomland toe op jou matras?
En etniese etes in sakkies op die rakkies in jou yskas?

Maar van:
Acapulco, Amsterdam, London en Berlyn.
Phoenix Arizona waar die son ook lekker skyn.
Brussels, Delhi, Moskou, Machu Picchu in Peru.
San Francisco, Shangai en ja, selfs ook, Timbuktu.

As ek sê groot natuur sien jy die onkruid op jou gras?
En dink jy aan wilde diere as vismotte in jou kas?
Het satelliet-tv jou bron van avontuur geword?
En is jou playstation nou die somtotaal van jou genot?

Maar van:
Acapulco, Amsterdam, London en Berlyn.
Phoenix Arizona waar die son ook lekker skyn.
Brussels, Delhi, Moskou, Machu Picchu in Peru.
San Francisco, Shangai en ja, selfs ook, Timbuktu.

Het jy gehoor wat het geword met Jantuisbly?
Hy het geglo, dat hy alles tuis kon kry.
En onbewus van wat daar is wat buite sy voordeur skuil het hy.
uitgemis op:

Acapulco, Amsterdam, London en Berlyn.
Phoenix Arizona waar die son ook lekker skyn.
Brussels, Delhi, Moskou, Machu Picchu in Peru.
San Francisco, Shangai en ja, selfs ook, Timbuktu.



**Post-lees**

**Oefening 3**

Beantwoord die volgende vrae.

1. Wat is 'n luilak?
2. Watter reis onderneem 'n persoon 'n luilak volgens die gedig?
3. Watter twee vorme van tydverdryf *(relaxation/ leisure activities)* by die huis word in strofe 2 genoem?
4. Wat sou 'n reisiger volgens strofe 2 kon sien?
5. Wie/wat is Jantuisbly?
6. Waarop sal Jantuisbly uitmis?
7. Sou jy graag 'n reisiger wou wees? Gee redes vir jou antwoord.

## Skryf en aanbied

**Oefening 4: Kort transaksionele teks: Dagboekinskrywing**

**Opdrag:** Skryf ŉ dagboekinskrywing van 50 tot 80 woorde oor ŉ onvergeetlike ervaring tydens jou vakansie. Vertel wat jy gesien het en hoe jy gevoel het oor al die dinge wat jy ervaar het.

**Voordat jy die dagboekinskrywing doen, onthou die volgende:**



**Beplanning/ Pre-skryf**
- Jy moet eers jou dagboekinskrywing beplan. Dit word **beplanning** genoem.
- Bepaal jou by die onderwerp.
- Skep eers 'n raamwerk.
- Rangskik of orden jou gedagtes in 'n logiese volgorde.

**Skryf 'n konsep**
- Dit is jou eerste poging.
- Kies gepaste woorde.
- Lees jou eerste poging aan jou onderwyser en maats voor.
- Jou onderwyser of maats gee terugvoer aan jou.

**Hersiening, redigering, proeflees en aanbieding**
- Verbeter jou spelling, woordkeuse en sinstrukture.
- Gebruik grammatika, spelling en punktuasie korrek.

**Skryf jou dagboekinskrywing netjies oor en handig dit in vir assessering.**

**Kenmerke van 'n dagboekinskrywing:**

Dagboekinskrywings is aantekeninge in ŉ dagboek van dinge wat gebeur het, of van ervarings wat opgedoen is, of van gevoelens wat ervaar is, wat mens nie wil vergeet nie.


**Wenke:**
- Skryf altyd in die eerste persoon. (Begin met: Ek... / Ons... )
- Skryf in die verlede tyd oor dinge wat in die verlede tyd plaasgevind het.
- Gebruik woorde soos "vandag, gister en môre."
- Gevoelens wat nou ondervind word, kan in die teenwoordige tyd geskryf word.
- Noem familie en vriende op die naam.
- Die dag en datum word boaan geskryf.
- Dagboekinskrywings word soos 'n opstel in paragrawe geskryf.

**OF**

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou vriend/ vriendin van 80 tot 100 woorde waarin jy aan hom/ haar vertel van 'n gereg(kos) van ŉ ander kultuur wat jy vir die eerste keer geëet het.

**Nuttige woordeskat**

- Aangename vakansie
- Nuwe mense ontmoet
- Nuwe vriende maak
- Sonnige weer
- Dit reën en is baie nat en koud.
- Eet elke aand in 'n restaurant/ hotel
- Onvergeetlik
- Gelukkig/ hartseer
- Geniet baie
- Vreemde smaak
- Pap en vleis
- Smaaklike ete
- Vleisbraai
- Lang rit
- Per motor of per bus reis.
- Elke dag in die see swem.





## Taal in konteks (Taalstrukture en –konvensies)

**Oefening 5: Voorsetsels**

Kies die **<u>korrekte</u>** voorsetsel.

1. Die Gautrein lewer 'n diens (**aan/ vir**) stedelinge.
2. Waens het skuifdeure en vloere (**teen/ op**) dieselfde vlak as die perron.
3. Daar is geen busdiens (**op/ oor**) naweke en openbare vakansiedae nie.
4. Die Gautrein ry nie (**na/ tussen**) Pretoria en Rustenburg nie.
5. Alle ritte geskied (**volgens/ op**) 'n rooster.
6. In 2013 het die Gautrein al duisende kere (**op/ om**) die wêreld gery.
7. Jy kan rustig in die Gautrein ry (**met/ sonder**) enige bekommernis (**oor/ vir**) die verkeer.
8. Maak gerus (**op/ van**) die gerief van die Gautrein gebruik.
9. Veilige parkering is beskikbaar (**teen/ vir**)'n tarief.
10. Die Gautrein ry sewe dae (**te/ per**) week.

**Oefening 6:Betreklike voornaamwoorde**

**Gee die korrekte vorm van die betreklike voornaamwoord tussen hakies.**

1. Die trein (met wat) sy ry, is baie modern.
2. Die stoele by die stasie (op wat) ek sit, is nuut.
3. Die vullisdrom (in wat) die papiere gegooi word, is vuil.
4. Die trein (wat sonder) ons nie by die see kan kom nie, is stukkend.
5. Die treinwa (uit wat) hulle klim, is modern.
6. Ons wil nie graag (oor dit) gesels nie.
7. Die gebou (teen wat) die trein gebots het, het inmekaar getuimel (*collapsed*).
8. Een van die vensters (by wat) ek sit, is gebars.
9. Dit is 'n ernstige probleem. Gaan julle (deur dit) worstel (*struggle*)?
10. (Van dit) wil die vrou niks weet nie.


**Oefening 7: Sinonieme**



**Gee die sinonieme van die onderstreepte woorde.**

1. Die Gautrein het talle interessante <u>kenmerke</u>.
2. Die <u>sekuriteit</u> op die stasies is streng.
3. Die trein is so <u>gebou</u> om vinnig te ry.
4. Hoe laat sal die trein in Pretoria <u>arriveer</u>?
5. Die trein het om 11:45 op die stasie <u>gestop</u>.
6. Passasiers <u>praat</u> met mekaar in die trein.
7. Moenie so <u>dwaas</u> wees om nie ’n treinkaartjie te koop nie.
8. Op die perron is talle (*several*) <u>hoflike</u> beamptes.
9. In watter <u>garage</u> mag ek my motor parkeer?
10. Hulle is <u>bly</u> dat die kinders gaan treinry.

**Oefening 8: Meervoude**



**Gee die meervoud van die woord tussen hakies.**

1. Ons ry met (vlot) op die rivier.
2. Daar is honderde (hut) in die kraal.
3. Die toeriste koop (kleipot) langs die pad.
4. Hoeveel (stoof) is daar in die groot kombuis?
5. Die (vlieg) is baie lastig wanneer ons eet.
6. Hoeveel (wa) het die Gautrein?
7. Die seuns moet nog (bed) na die hutte dra.
8. Kyk die talle (*several*) reuse (skip) op die see!
9. Het ons genoeg (eetding) vir die piekniek?
10. Hoeveel (a) is daar in die woord **Gautrein**? Daar is net een **a**.

**Oefening 9: Vraende voornaamwoorde**

**Vul die korrekte vraende voornaamwoord in.**

1. … laat vertrek die bus?
2. … kan ons die bottels gooi? Gooi dit in hierdie houer.
3. … kom daar aangestap?
4. … loop hulle so vinnig? Ek dink hulle gaan kos koop.
5. … is jy so laat? (**Nie** <u>hoekom</u> **nie**)
6. … vertrek die boot? Die boot vertrek om 13:24.

**Oefening 10: Klankverskynsels (ontronding)**

**Kies die korrekte antwoord.**


1. Jy moet altyd na die (nuus/nies) in ‘n vreemde land luister.
2. Jy moet ook kennis neem van ander lande se (gebryke/gebruike).

**Oefening 11: Trappe van vergelyking**

**Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.**

1. Die volk wat in die berge woon, eet die (baie).
2. ’n Vliegtuig vlieg (hoog) as ’n helikopter.
3. Waar bly die stappers so lank weg? Ek word al hoe (kwaad).
4. Hoe harder die kinders raas, hoe (kwaai) word die onderwyseres.
5. Die motors ry waar die pad al hoe (breed) word.
6. Julle sal (bietjie) bagasie moet saamneem, anders is die voertuig te swaar gelaai.
7. Ons was (tevrede) toe die gaste veilig aangekom het.
8. Tabo is die (laf) (*silly, foolish*) van al my vriende.

**Oefening 12: Tye**




**Skryf die onderstaande sinne in die verlede tyd.**

1. Talle passasiers lê op die lughawevloer en slaap.
2. Sy wil baie graag saamgaan.
3. Die onderwyser wens die leerling geluk met sy oorsese beurs (*bursary*).
4. Danny skakel die lig af!
5. Ons probeer om die wiel om te ruil.

**Skryf die onderstaande sinne in die toekomende tyd.**


1. Julle is opgewonde oor die toer.
2. Die leeus brul in die leeupark.
3. Ons toer na Kenia kos R14 000.
4. Die olifante eet boomblare.
5. Waar kan ek vir die toer bespreek?



**Oefening 13: Spelling**

**Verbeter die spelling van die onderstreepte woorde.**

1. Die matrieks geniet die <u>ontspaning</u> by Sun City.
2. Het die onderwysers al hulle <u>besteming</u> <u>beryk</u>?
3. Ons <u>rys</u> graag <u>oorseë</u>.
4. Na die botsing het <u>glastuke</u> <u>ooral</u> gelê.
5. Hoeveel <u>treinkaarkies</u> moet ons koop?
6. Julle moet julle <u>selfoone</u> in die vliegtuig afskakel.
7. Suid-Afrika het duisende <u>springboke</u>.
8. Is 'n <u>leiperd</u> 'n roofdier?
9. Die Pretoria-stasie het baie <u>platvorms</u>.
10. Moet asseblief nie <u>romel</u> strooi nie!



**Oefening 14: Voegwoorde**
**Verbind die twee sinne met die voegwoord in hakies.**

1. Passasiers moet kaartjies koop. Hulle klim in die trein. (voordat)
2. Daar gaan nie baie toeriste na Europa nie. Dit is te duur. (omdat)
3. Mense in Suid-Afrika moet meer trein ry. Dit is goedkoper. (want)
4. Ek wil baie graag Parys besoek. Ek wil ook graag Moskou toe gaan. (en)
5. Ek was baie moeg. Ek het van Amerika af teruggekom. (toe)

**Oefening 15: Voegwoorde**
**Volg die instruksie en verbind die volgende sinne met die voegwoord.**

1. Jy wil Moskou toe gaan. Jy moet daarheen vlieg.
Begin jou sin so: **As**…
2. Jy is lief vir Suid-Afrika. Jy sal 'n oorsese vakansie geniet.
Begin jou sin so: **Al**…
3. Die trein ry vinnig. Jy kan die landskap deur die venster bekyk.
Begin jou sin so: **Terwyl**…
4. Jy wil Amerika besoek. Jy moet 'n geldige paspoort hê.
Begin jou sin so: **Indien**…
5. Alles in Amerika is groot. Suid-Afrika bly die mooiste land.
Begin jou sin so: **Alhoewel**…

**Oefening 16: Voegwoorde**
**Vervang die onderstreepte voegwoord met die voegwoorde tussen hakies**

1. Ek wil graag Londen <u>en</u> Madrid besoek. (sowel…as)
2. 'n Toeris moet kontant en reisigertjeks op 'n oorsese toer saamneem. (sowel…as)